

## **Eksodus 16:2-15**

- Die band begin om 9:00 presies met Lofsang. Ligte kort liedere, tot so net voor 9:10.
- Dan offergawes,
- Dan poppekas.
- Dan gaan band verder: 2 loffiedere, 2 aanbiddingsliedere - neem ons tot by 9:30.
- Dan neem ek oor met toewyding/commitment (gebed ens) en dan die prediking ens.

Personeel by die Bridger Wildernisgebied in Wyoming, VSA, het in 2005 'n opsomming gemaak van kommentaar wat stappers op terugvoerkaarte gelewer het. Die volgende terugvoer is onder andere gegee:

- Die wandelroetes moet wyer gemaak word sodat mense hande kan vashou terwyl hulle stap;
- Roetes moet herontwerp word. Vermoë asb. paadjies teen steiltes uit.
- Daar is te veel goggas, veral spinnekoppe en spinnewebbe. Roei asb. hierdie peste uit.
- Plavei asb. die wandelroetes sodat mense makliker kan stap en sneeu in die winter met sneeuploë verwyder kan word.
- Installeer sitbankies op hyskrane op strategiese punte, sodat

mense die wonderlike uitsig kan geniet sonder om soontoe te moet loop.

- Jakkalse het laasnag te veel geraas gemaak en my wakker gehou. Raak asb. van dié aanstootlike diere ontslae.
- 'n Klein diertjie het laas nag by my kampplek ingesluit en my suuruitjies gesteel. Waar doen ek aansoek, sodat julle my vergoed?
- Weerkaatsers moet asb. elke 15 meter aan bome aangebring word sodat mense snags met flitse kan stap.
- Roltrappe moet op die steil gedeeltes van die wandelroetes geïnstalleer word.
- 'n McDonald's aan die einde van die langer staproetes sal wonderlik wees.
- Die plekke waar wandelroetes nie beskikbaar is nie, is nie goed gemerk nie.
- Daar is te veel rotse in die berge. Maak dit asb. minder.

### **Gemaksones**

Mense verkies gemaklikheid, gemaksones en bekende ruimtes.

### **Geestelike waarde van ontwrigting**

Die Bybel beklemtoon op baie plekke dat ontwrigting, die losbreek uit jou gemaksones, goed en heilsaam is vir jou geestelike reis met God. Een van die bekendste verhale hieroor is Israel se reis met God deur die woestyn. Die woestyn, of

wildernis, is in Bybelse taal die plek waar die Here sy mense vorm. Só het God 'n klomp slawe uit Egipte verlos en hulle in die woestyn, oor 'n lang tydperk, tot sy volk gevorm.

Coenie Burger (in sy boek *Vergesel van die Almagtige*) maak baie waardevolle opmerkings oor die plek wat die woestyn in die Bybel inneem. Dis 'n:

- tyd van skaarste, 'n tyd waarin mense bewus word van hulle broosheid en afhanklikheid,
- 'n tyd van wisseling tussen wanhoop en hoop, (tyd van ontsteltenis, onsekerheid, waar mens geskud word omdat jou bekende fondamente onder jou voete uit is)
- ook 'n tyd van voorsiening (water, manna, kwartels), omdat God daar is

Omdat die Here self in die woestyn teenwoordig was, sê Burger, het Israel eerstehands geleer en gesien hoe hierdie Heer beheer neem. Dit het hulle geleer om die Here op 'n nuwe, dieper manier te leer ken: "Die woestyn is die plek waar jou oë weer kan oopgaan om die wonder van gewone dinge in die lewe te waardeer. Die woestyn kan 'n plek vol verrassings wees."

### **Woestyntyte**

Ons ervaar almal woestyntyte. Soms gaan mens individueel deur 'n moeilike oorgangstyd, 'n tussen-in tyd, waar die ou bekende verby is en die nuwe gestalte van jou lewe nog nie uitgesorteer is nie. Soms gaan families deur woestyntyte. Dieselfde gebeur met woonbuurte, stede, en ook met gemeentes.

Soms is dit sonde, misdaad, of onverantwoordelikheid wat jou in 'n woestyntyd dompel. Dit kan ook - soos in Israel se geval - verlossing wees. Die Here se genade plaas jou in die woestyn. Die Here maak jou vry van dinge, en dit plaas jou in 'n oorgangstyd. Hoe sleg of ontwrigtend dit ook al is, is 'n woestyntyd gewoonlik 'n heilsame ervaring in 'n mens se lewe. Kom ons fokus op die geestelike waarde van die woestyntyd op reis met God:

### **Een: die woestyn as tyd van toetsing**

Nog minder as twee maande uit Egipte, begin die Israëliete hulle in Eksodus 16 nogmaals teen Moses en Aäron verset. Hulle kla oor 'n gebrek aan kos en verlang terug na die vleispotte van Egipte (2). **Hierdie is inderwaarheid verset teen die Here self**, sê Moses (6,7). God het hulle uit Egipte gelei, maar die volk is nie tevrede nie. Hulle verset hulle nou teen die genadige, verlossende handeling van God.

**Die gekla is dus verset teen die Here se leiding.** Die volk sal liever slawerny as die Here se leiding verkies. Dit is 'n bevraagtekening van die wysheid om God te volg. God het God self openbaar in die bevryding uit Egipte, en dit vorm die basis van Israel se identiteit as God se volk. Die verset slaan 'n dodelike hou in die rigting van die verhouding tussen God en God se volk.

Teen hierdie agtergrond word die daaglikse gawe van manna en kwartels uit die hand van God aangekondig. Dié gawe is 'n teken dat die Here die verset teen sy handeling in hulle lewe raakgesien het. Hulle word nou **uitgenooi om vanuit die Here**

se hand te lewe.

**Die daaglikse voedsel is 'n toets: sal die volk kies om vanuit God se beloftes van trou te lewe? Of sal hulle teen God kies, en hulle eie pad inslaan?**

Die **erns** van hierdie toetsing word beklemtoon deur die verskyning van die magtige teenwoordigheid van die Here wat in 'n wolk sigbaar word. Dit gebeur toe die volk "voor die Here kom staan" (9), wat dui op 'n erediens-ontmoeting, 'n egte tabernakel-ervaring. In hierdie gewigtige ontmoeting met die Here word **God se sorg** (vs **eie sorg**) duidelik, en word die volk genooi om daaruit te lewe.

Die vraag is of ons aan die Here alleen vashou en aan Hom getrou is.

**Twee: die woestyn as tyd van groei en verandering**

Deur al die ervaring van God se teenwoordigheid, deur ongehoorsaamheid, ontrou en toetsing heen, was die woestyn die ruimte waar **die volk se nuwe identiteit as GóD se volk gevorm is**. Die woestyn het 'n ruimte vir **bekering, groei, en verandering van 'n slawevolk na God se volk** geword.

Deuteronomium 8:2, 3 verwys hierna:

Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie. Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen

om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.

Die woestyntyd was dus uiters nodig. Deel van hierdie proses was om te leer om uit God se hand te leef, om te **ontdek dat sy genade groter as hulle mislukkings en sonde is**, om sy leiding in alle opsigte te respekteer en te volg, en om 'n **nuwe gehoorsaamheid** aan te leer.

Hierdie verhaal vind plaas in die aanloop tot die grootste Godsverskyning in die Ou Testament, naamlik toe die Here die wet aan hulle gegee het. Daar kom bevryding, nuwe identiteit, toetsing en opdrag bymekaar: Ek is die Here wat julle bevry het . . . doen my wil (Eks 20).

In hierdie tye van groei leer ons ook vandag steeds hoe broos ons eie lewe is en hoe afhanklik ons van die Here is. Ons leer die regte, lewegewende water drink, en leef vanuit die regte voedsel, die doen van die wil van God.

**Drie: die woestyn as ruimte om uit God se voorsiening te leer leef**

Die volk leer die Here **self beter** in die woestyn ken. Hulle leer die Here se geduld en sy omvattende voorsiening ken. God se geduld is oneindig, skryf Sadhu Sundar Singh: "Mense, soos klein keteltjies, kook vinnig met woede oor vir die kleinste oortreding. God is nie so nie. As God so gou kwaad geword het, sou die wêreld lankal 'n puinhoop gewees het."

Hulle **verset teen die leiers en die Here** het nou duidelik geword. Tog is die wonderlike boodskap van hierdie gedeelte.

Die Here voorsien, **ten spyte van hulle sonde**, in hulle behoeftes. Sy plan vir hulle word nie deur hulle ongehoorsaamheid aan bande gelê nie. Hulle dink hulle toets die Here in hulle omstandighede. Wat die Here egter doen, is om hulle deur sy openbaring te verras. Elke besondere gebeurtenis in die geskiedenis van Israel, die bevryding uit Egipte, die deurtog deur die see, die leiding deur die woestyn en hierdie gebeurtenis het een doel: dat Israel deur eerstepandse ervaring een ding sal ervaar "**sodat julle kan beseft dat Ek die Here julle God is.**"

Die Here weet wat hulle elke dag nodig het. Dit is wat Jesus sy mense leer bid het.

Waarom lê die sorg van die Here? In voorspoed, of in die sorg te midde van die woestyn?

#### **Vier: die woestyn as skool van gehoorsaamheid**

Toetsing, groei en verandering en ruimte om uit God se voorsiening te leer leef, loop uit op die woestyn as leerskool vir gehoorsaamheid.

Ons leer die dissipline om aan die Here gehoorsaam te bly en op sy leiding te wag. Hoe verander hierdie ervaringskennis van God ons? Om te beseft dat Hy die Here ons God is, loop uit op gehoorsaamheid. God se liefde vir ons word uitgestort sodat ons kan verander. Uiteindelik is die toets nie of God in ons behoeftes sal voorsien nie, of Hy dit **sal maak** nie.

Die voorsiening van die Here, sy openbaring aan hulle, is ten nouste gekoppel met die **aanleer van absolute gehoorsaamheid aan Hom**. Hulle moet net genoeg kos vir

daardie dag en vir hulle gesin optel. Met sy voorsiening aan hulle, sou Hy toets **of hulle Hom alleen vir die toekoms vertrou**. Die uiteindelijke toets is nie of die Here dit sal maak nie, maar: **sal ons dit maak?**

### **Toepassing**

As God se volk, **worstel** die Christelike kerk (gemeentes, en groter) as geheel en individuele Christene gedurig **met gehoorsaamheid** aan die Here. Ons juig omdat **die ware manna, die Brood uit die hemel**, Jesus Christus gekom het (Joh 6:58). Ons ontvang hierdie geestelike manna gereeld met nagmaal. Paulus benadruk dat Christene nie dieselfde foute moet maak as die ou volk van God nie. Gaan ons, ten spyte van hierdie geestelike voedsel wat ons ontvang het, dieselfde sonde herhaal? (1 Kor 10:3-9).

Jesus was ook in die woestyn. Alleen, honger, onder versoeking. Toe Hy honger geword het in die woestyn en die versoekings van mag, populariteit en indrukwekkendheid (Matt 4) Hom aangebied is, het Hy besef dat ons **nie van brood alleen kan lewe nie**, maar van **elke woord wat uit die mond van die Here kom**.

**Soms sal ons ook “honger en dors” wees. Sy beloftes, teenwoordigheid en genade**, ten spyte van ons mislukkinge, sal egter meer as genoeg wees. Omdat Hy Homself so aan Israel en deur Jesus aan ons geopenbaar het, pak ons die woestyntog aan met die wete: **Die Een wat medelye met ons swakhede het, het dieselfde pad geloop!**

Dis egter ook op hierdie trekpad waar ons 'n **inoefening**



**nodig het om getrouer aan die Here te wees, om Hom beter te leer, om sy plan vir ons lewe te vertrou, om gehoorsaam te bly, selfs al moet ons die Here in die woestyn met sy baie ompaaie vertrou.** Ons Heer is uit die hemel ontwortel. Sy lewe was nie gemaklik nie, maar **Hy was tot die uiterste toe gehoorsaam** aan die leiding van sy Vader. Nouwen skryf **"Hulle wat die ontwortelde Heer volg, vorm die Christelike geloofsgemeenskap."**

**Slot**

Mens kan die **wildernis, die woestyn, misverstaan. Dan klaj, soos stappers in die Bridger wildernisgebied, dat daar te veel rotse, klein diertjies en goggas is.** Of jy kan die **woestyn omhels.** En nuut daaruit te voorskyn kom.